Die **Wêreld Biddag vir Vroue** wat Vrydag, 6 Maart, vanuit ons gemeente plaasgevind het, het baie goed afgeloop. Ons wil graag aan elke een wat betrokke was, van Voorleser tot skinker baie dankie sê. Sonder julle hulp sou ons nie so ‘n groot sukses daarvan kon maak nie. Ds. Petro du Toit het die pragtigste boodskap gelewer en ons het aan haar lippe gehang. Daar was verskeie kerke betrokke en dit was hoofsaaklik in Engels en Afrikaans aangebied, maar hier en daar het ook ‘n Swart taal in ons ore weerklink. Dollie Pienaar se koor het ook opgetree en die hoendervel het soms oor ons uitgeslaan. Lyttelton-Noord, julle is ‘n wenspan!